CHASA Box 1614 Uitenhage 6230

Alliansie vir jag

Die groot vyf in wildbenutting werk reeds sedert vroeg in die jaar saam op die gebied van jag en die wildbedryf. Op 23 Augustus is wildboere, beroepsjagters en ontspanningsjagters egter formeel in ‘n alliansie verenig toe die **Hunt and Wildlife Alliance of South Africa** (HAWASA) gestig is. Die stigterslede is SAWO, CHASA, SA Jagters, PHASA en SA Wingshooters. Die alliansie se samewerking sal gesetel wees in konsensus besluitneming met die oog op die bevordering van gemeenskaplike doelwitte. HAWASA se missie is “om die wildlewe deur verantwoordelike benutting te bevorder, te ontwikkel en toeganklik te maak vir die hele bevolking.” Voorlopige doelstellings spreek sake aan soos jagwetgewing, vuurwapenadministrasie, kampvegting vir jag en bemagtiging van die landelike gemeenskappe wie habitat aan wilde diere beskikbaar stel.

Wildboere, beroepsjagters en ontspanningsjagters is nou formeel in ‘n alliansie verenig met die stigting van HAWASA.

Owerhede versoek toenemend dat die hele bedryf uit een mond praat. Nou is HAWASA se eerste uitdaging juis daar in die vorm van die bedryf se bydraes tot die Paneel van kundiges van die Departement van Omgewingsake en Toerisme. Hier is dit nodig dat eenvormige standpunt ingeneem word oor brandkwessies soos jag in nasionale parke en verpligte opleiding van jagters.